Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**TOTALE PUNTE**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. **AL DRIE VRAE IS VERPLIGTEND.**

4. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie te skryf wat hierbo daarvoor toegelaat is.**

5. Krediet sal gegee word vir:
   - interpretasie;
   - verduideliking; en
   - bewys van persoonlike waarnemings waar dit van toepassing is op die vraag.

6. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.

7. Let op die puntetoekenning.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

9. Drie blanko bladsye (bladsye 38–40) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

**SLEGS VIR NASIENERS SE GEBRUIK**

| **Vraag** | **1** | **2** | **3** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 100 | 50 | 50 | **200** |
| **Punte behaal** | | | | |

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 GEÏNTEGREERDE VRAAG: OOS-KAAP, SUID-AFRIKA

Bestudeer Figuur 1.1A, 'n kaart van die Oos-Kaap, 'n provinsie van Suid-Afrika en Figuur 1.1B, 'n tabel met afstande vir sekere nedersettings in die Oos-Kaap, aandagtig.

### Figuur 1.1A: Kaart van die Oos-Kaap, Suid-Afrika




[Bron aangepas vanaf: <https://www.sa-venues.com/maps/easterncape/physical.php>]

### Figuur 1.1B: Tabel met afstande vir sekere nedersettings

| Tabel met afstande (benaderde kilometers) | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gqeberha | Oos-Londen | Somerset-Oos | Stormsrivier | Port St Johns | Tiffindell |
| Gqeberha | | 288 | 138 | 158 | 578 | 651 |
| Oos-Londen | 288 | | 254 | 467 | 324 | 388 |
| Somerset-Oos | 138 | 254 | | 360 | 549 | 508 |
| Stormsrivier | 158 | 467 | 360 | | 757 | 784 |
| Port St Johns | 578 | 324 | 549 | 757 | | 364 |
| Tiffindell | 651 | 388 | 508 | 784 | 364 | |
| Neem kennis dat dele van die pad na Tiffindell nie geteer is nie. | | | | | | |

[Bron: Eksaminator]

## 1.1 Geografiese Vaardighede en Tegnieke

Verwys na Figure 1.1A en 1.1B.

1.1.1 Noem die land wat 'n grens met die Oos-Kaap deel.

___

(1)

1.1.2 Noem TWEE stedelike gebiede, buite die grense van hierdie kaart, waarheen die N1 nasionale hoofweg lei.

___

___

(2)

1.1.3 Wat is die rigting van Port St Johns van Gqeberha af?

___

(1)

1.1.4 Verduidelik die betekenis van die volgende kaartsimbole wat op Figuur 1.1A gesien kan word.

(a)  ___

(b)  ___

(2)

1.1.5 (a) Lys TWEE GIS attribute data wat met die vervoernetwerke in die tabel met afstande (Figuur 1.1B) geassosieer kan word.

___

___

(2)

(b) Bespreek hoe die tabel (Figuur 1.1B) toeriste behulpsaam kan wees met die beplanning van hulle besoek aan die Oos-Kaap.

___

___

___

___

___

(2)

IEB Copyright © 2024

## 1.2 Geomorfologie

Figuur 1.2A toon die dreineerbekken van die Gamtoosrivier in die Oos-Kaap, Suid-Afrika.

**Figuur 1.2A: Dreineerbekken – Gamtoosrivier**




[Bron: aangepas vanaf <https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/b/b0/Rivers_of_Eastern_Cape.png>]

Die Kougarivier het (iewers in die verlede) stroomaf by die Baviaanskloofrivier aangesluit wat dan die Gamtoosrivier, 'n vername rivier in die Oos-Kaap, word. Hierdie is 'n besondere eienaardige element van die evolusie van 'n rivier: stroomroof of rivierrowing. Dit is 'n aspek van geomorfologie wat uitstekend geïllustreer word in hierdie deel van die wêreld.

[Bron: aangepas vanaf <https://www.geocaching.com/geocache/GC64R67_grootrivierpoort>]

1.2.1 Sê of elk van die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf jou antwoord in die tabel hieronder neer.

A Die kenmerk wat A gemerk is, is die 'roofelmboog'.
B Die kenmerk wat B gemerk is, is die 'droë poort'.
C Die Kromrivier sal as die roofstroom bekend wees.
D Stroomroof kan ontstaan as gevolg van terugsnydende erosie.

| | |
|---|---|
| A | |
| B | |
| C | |
| D | |

(4)

IEB Copyright © 2024

1.2.2 Kies die korrekte woord om die volgende stellings waar te maak. Skryf slegs die korrekte woord neer in die spasie wat daarvoor toegelaat is.

(a) Die dreineerpatroon van die Gamtoosrivierstelsel is hoofsaaklik DENDRITIES / PARALLEL / RADIAAL / SENTRIFUGAAL.

______________________________________________________________

(1)

(b) Die dreineerpatroon ((a) hierbo) word veroorsaak deur PLOOIING / PLAATTEKTONIKA / VULKANISME / MENSLIKE IMPAK.

______________________________________________________________

(1)

1.2.3 (a) Kontrasteer die afloop van die Gamtoosrivier en dié van die Kromrivier. Verduidelik jou antwoord deur te verwys na Figuur 1.2A.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(4)

(b) C en D (sien Figuur 1.2A) is geïdentifiseer as twee moontlike standplase vir 'n nuwe dam in die Gamtoosrivier. Evalueer die optimale ligging vir 'n dam in hierdie rivierstelsel deur te kies uit C of D. Staaf jou antwoord deur na Figuur 1.2A te verwys.

Gekose standplaas vir die dam: ______

Stawing:

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(2)

IEB Copyright © 2024 

Figuur 1.2B wys die wateroordragskema vanuit die dreineerbekken van die Oranjerivier na die dreineerbekken van die Sondagsrivier in die Oos-Kaap.

**Figuur 1.2B: Oranje/Visrivier wateroordragskema**




**NOTA : NMBM = Nelson Mandelabaai Munisipaliteit**

[Bron: <https://www.heraldlive.co.za/news/2022-03-02/>]

1.2.4 (a) Noem die dam in die Oranjerivier wat die bron is vir die wateroordragskema.

___

(1)

(b) Identifiseer TWEE verskillende tipes infrastruktuur wat gebruik word om water in hierdie waterskema oor te dra.

___

___

(2)

(c) Stel 'n rede voor vir die behoefte om water oor te dra vanaf die Oranjerivier na die Sondagsrivier.

___

___

(1)

(d) Verwys na Figuur 1.2B en verduidelik waarom swak bestuur van die waterkwaliteit in Graaff-Reinet en Jansenville 'n impak sal hê op die waterkwaliteit in Gqeberha.

(4)

(e) Verduidelik waarom 'n wateroordragskema gesien kan word as 'n tipe stroomroof.


(2)

IEB Copyright © 2024

1.3 **Klimatologie**

Figure 1.3 is 'n sinoptiese weerkaart van wintertoestande in suidelike Afrika. Aan die regterkant van die weerkaart is daar 'n vergrote beeld van die weerstasie van Gqeberha (Q op die weerkaart benoem).

**Figuur 1.3: Winter sinoptiese weerkaart – 2013/05/29**




[Bron aangepas vanaf: <https://www.researchgate.net/figure/>]

1.3.1 Pas die letters A tot D in Figuur 1.3 by die weerskenmerke hieronder. Skryf slegs die toepaslike letter in die spasie toegelaat.

(a) 'n verlengde laagdruktrog ______________________

(b) Suid-Atlantiese antisikloon ______________________

(c) middelbreedte depressie ______________________

(d) kuslaagdruk ______________________

(4)

1.3.2 (a) Noem die windrigting in wat in Gqeberha ondervind word.

______________________________________________

(1)

(b) Verklaar jou antwoord in Vraag 1.3.2 (a), deur te verwys na metereologiese bewyse wat gesien kan word op Figuur 1.3.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

IEB Copyright © 2024

(c) Daar sal 'n verandering in die weersomstandighede in Gqeberha in die volgende 48 uur wees. Lys die veranderinge wat heel moontlik sal plaasvind vir die volgende weerelemente in die tabel hieronder.

| WEERELEMENT | VERANDERING IN DIE VOLGENDE 48 UUR |
|---|---|
| LUGTEMPERATUUR | |
| WINDRIGTING | |
| WOLKBEDEKKING | |
| REËNVAL | |

(4)

(d) Verduidelik waarom die veranderinge wat in die tabel hierbo genoem is, sal voorkom.

(4)

1.3.3 (a) Verduidelik waarom daar by die weerstasies in die Noord-Kaap (Figuur 1.3) bewolkte toestande is.

(2)

(b) Waarom is hierdie bewolkte toestande (1.3.3 (a)) ongewoon vir die winter?

(2)

IEB Copyright © 2024

## 1.4 Nedersetting

Figuur 1.4 is 'n nedersetting in die Oos-Kaap, Suid-Afrika.

**Figuur 1.4: 'n Nedersetting in die Oos-Kaap**



[Bron: <https://www.dailymaverick.co.za/article/>]

1.4.1 (a) Klassifiseer hierdie nedersetting volgens die volgende kriteria. Skryf jou antwoord neer in die spasies toegelaat. Kies EEN opsie uit dit wat gelys is.

Gekernd / Verspreid / Liniêr / Kruispad

___

Kommersieel / Bestaans / Gespesialiseerd / Gemeganiseerd

___

(2)

(b) Identifiseer EEN probleem wat deur die inwoners van hierdie nedersetting ondervind word. Gee bewyse vanaf die foto om jou antwoord te staaf.

___

___

___

(2)

IEB Copyright © 2024

(c) Stel EEN oplossing voor vir hierdie probleem wat in Vraag 1.4.1 (b) geïdentifiseer is.

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

1.4.2 Verwys na die feitelêer oor die stedelike nedersetting.

STEDELIKE NEDERSETTING FEITELÊER

**Nelson Mandelabaai sê dat daar geen dienste voorsien sal word aan okkupasie van nuwe grondgebied**

Nelson Mandelabaai se munisipaliteit (groter Gqeberha) is besig met wat bekendstaan as 'formalisering' van 156 informele nedersettings in die metrodistrik. Dit sluit die voorsiening van noodsaaklike basiese dienste soos teerpaaie en installering van die infrastruktuur vir water, toilette en elektrisiteit vir hierdie gemeenskappe in. Die munisipaliteit het gesê dat geen nuwe okkupasies vanaf Mei 2021 deur die stadsraad erken sal word nie. Dít ten spyte van die skerp toename in die bevolkingsgrootte.

Onlangse statistieke oor die aantal mense wat in plakkershutte – of informele huise – in die Oos-Kaap bly, is moeilik om te kry. Volgens Stats SA se Algemene Huishoudelike Opname van 2017:

"Net meer as vier-vyfdes (80,1%) van Suid-Afrikaanse huishoudings het in formele behuising in 2017 gebly, dit word gevolg deur 13,6% wat in informele behuising bly en 5,5% wat in tradisionele behuising woonagtig is. Die hoogste persentasie huishoudings wat in formele behuising woonagtig was, was waargeneem in Limpopo met 91,7%, terwyl die laagste in die Oos-Kaap was met 70,4%."

[Bron : <https://www.groundup.org.za/article/nelson-mandela-bay-says-no-new-land-occupations-are-be-recognised/>]

(a) Klassifiseer elk van die volgende beelde van nedersettings waarna verwys word in die Feitelêer as tradisioneel, formeel of informeel. Skryf jou antwoord neer op die lyntjie langs elke beeld.



____________________

[Bron: <https://ebe.uct.ac.za/talks/articles/interrelationships-between-sustainability-and-wellbeing-informal-settlements>]



[Bron: <https://www.dffe.gov.za/sites/default/files/docs/part2_human_settlements.pdf>]



[Bron: <https://www.thesouthafricaguide.com/african-tribes/african-tribes-south-african-tribes-south-africa-culture/>]

(3)

(b) Lys TWEE tipes dienste wat ontwikkel sal moet word om 'n informele nedersetting te formaliseer.

(2)

(c) Verduidelik waarom die munisipaliteit "gesê het dat geen nuwe okkupasies wat gedoen is vanaf Mei 2021 deur die Raad erken sal word nie". (Feitelêer)

(2)

IEB Copyright © 2024

## 1.5 Ekonomiese Geografie

Verwys na die artikel hieronder.

**Beesboerdery in die Oos-Kaap**

'n Bose kringloop vir vee en lewensbehoud.

Die historiese trekarbeiderstelsel het veroorsaak dat die bestuurspraktyke wat voorheen die grasvelde gesond gehou het, agteruitgaan. Soos mense die landelike gebiede verlaat het, het die **tradisionele weiding assosiasies*** wat eens bepaal het waar en hoe die vee kon wei, verswak het en die boere het van die eeue-oue kennis oor die bestuur van grasvelde verloor. Dit het gelei tot oorbeweiding, gras het swak gegroei en erosie.

Terselfdertyd het uitheemse bome die gebied binnegedring en die plaaslike grasse oorweldig. Hierdie bome is watergulsig en gebruik baie meer water as die gras en dus is minder water beskikbaar vir die mense en die vee.

Verder verklein die indringende bosse die grasgebied wat wel beskikbaar is vir die vee en dit beteken dat meer vee op kleiner areas moet wei. Dit lei daartoe dat die grasvelde ontbloot is van nutriënte, die diere is maer en die mense word al hoe armer. Hierdie afwaartse siklus verlaag die standaard van die landskappe en die lewensbehoud al vir dekades.

* **tradisionele weiding assosiasies**: groepe landelike leiers wat die plaaslike veeboere reguleer.

[Bron: aangepas vanaf <https://www.wwf.org.za/our_news/our_blog/cash_cows_in_a_time_of_corona/>]

1.5.1 (a) Met verwysing na die artikel, identifiseer die vernaamste tipe veeboerdery in die Oos-Kaap.

______________________________ (1)

(b) Stel voor hoe die volgende faktore die toestand en algehele gesondheid van die grasveld in die provinsie kan beïnvloed:

(i) Klimaatsverandering

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

IEB Copyright © 2024 

(ii) Indringerplantegroei

(2)

(c) Verduidelik hoe opvoeding die bestuur van grasvelde in die Oos-Kaap en in ander streke in suidelike Afrika kan verbeter.

(2)

(d) Voorspel die impak wat goeie omgewingsbestuur sal hê op die lewenstandaard van die mense wat in hierdie streek bly. Verduidelik jou antwoord deur na die teks te verwys.


(4)

IEB Copyright © 2024

1.6 **Uitgebreide Skryfstuk**

Verwys na die Feitelêer hieronder.

**FEITELÊER – EKONOMIE VAN DIE OOS-KAAP**




[Bron: <https://southafrica-info.com/infographics/animation-economic-sectors-of-south-africas-provinces/>]

Vir baie jare het die Oos-Kaap 'n groot inkomste gemaak uit motorvoertuigmontering en verwante besighede. Die plaaslike regering wil klein besighede help om te groei deur verskillende soorte vervaardiging aan te moedig. Hulle fokus op: kos, hout, toerisme, konstruksie, chemikalieë en energie.

**Mercedes-Benz** voer baie motorvoetuie uit vanaf die Hawe van Oos-Londen en spandeer nou R10 miljard om 'n nuwe model te maak. Hierdeur skep hulle ongeveer 90 nuwe werksgeleenthede.

**Jendamark** is 'n maatskappy wat onderdele vir enjins en uitlaatstelsels vervaardig wat verkoop word aan 18 lande.

**Continental Tyre Suid-Afrika** vervaardig nou 'n 19-duim band in Gqeberha vir SNV (SUVs)– hierdie was voorheen ingevoer.

Die eerste deel van die nuwe fabriek vir **Beijing Automotive Group South Africa (BAIC SA)** is voltooi met 'n R11 miljard belegging deur Sjina en hulle beplan om 50,000 motorvoertuie per jaar te bou.

**Mpact** het twee fasiliteite wat karton vir verpakkingsdoeleindes in die Oos-Kaap vervaardig in Gqeberha en Gately Township, Oos-Londen. Die maatskappy het onlangs R150 miljoen spandeer om die kapasiteit van die aanleg in Gqeberha te verdubbel.

**Bodene**, vervaardig binne-aarse medisyne in Gqeberha. **Johnson & Johnson Pharmaceutical** se finansiële, operasionele, navorsing en ontwikkeling afdelings is in Oos-Londen. **Aspen Pharmacare** se R1 miljard gespesialiseerde produkfasiliteit in Gqeberha sal 500 werksgeleenthede toevoeg by die bestaande personeel van 2 000.

[Bron aangepas van: <https://www.globalafricanetwork.com/company-news/strength-of-the-eastern-cape-manufacturing-sector/>]




[Bron: <https://ecsecc.org/newsitem/eastern-cape-economy-expand-by-13-in-2022q3>]

Skryf 'n geografiese opstel waarin jy die sterk en swak punte van die struktuur van die ekonomie van die Oos-Kaap evalueer.

Gebruik die volgende onderopskrifte in jou opstel:

- Primêre hulpbronne
- Sekondêre aktiwiteite en kettingnywerhede
- Werkverskaffing en investering
- Invoere, uitvoere en vervoer se infrastruktuur

Jou opstel sal volgens die onderstaande rubriek geassesseer word:

| **KRITERIA** | **PUNTE** |
|---|---|
| **Skryfvaardighede**<br>• Neem struktuur en aanbieding in ag.<br>• Gebruik kort inleiding en slot.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. | **5** |
| **Inhoudskennis**<br>• Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe.<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte.<br>• Riglyne vir punte toekenning van die inhoudskennis:<br>– Primêre hulpbronne (3)<br>– Sekondêre aktiwiteite en kettingnywerhede (5)<br>– Werkverskaffing en investering (3)<br>– Invoere, uitvoere en vervoer se infrastruktuur (4) | **15** |
| **Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip**<br>• Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudiemateriaal/ feitelêer / bronmateriaal wat gegee is.<br>• Indien toepaslik moet verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. | **5** |

IEB Copyright © 2024

(25)
**[100]**

## VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

### 2.1 Terminologie van Klimatologie

Kies die korrekte definisie in Kolom B om te pas by die term in Kolom A. Skryf slegs die gekose letter neer in die spasie toegelaat, bv. 2.1.1 G.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Krimping | A term vir weerstoestande wat stormagtig is, wolke en reënval meebring. |
| 2.1.2 Rif | B die proses van kloksgewyse windrigtingverandering rondom 'n laagdruk in die Suidelike Halfrond. |
| 2.1.3 Siklonies | C 'n verlengde gebied van lae druk. |
| 2.1.4 Warm sektor | D 'n verlengde gebied van hoë druk. |
| | E die gebied tussen 'n koue en 'n warm front. |
| | F die proses van antikloksgewyse windrigtingverandering rondom 'n laagdruk in die Suidelike Halfrond. |

| | |
|---|---|
| 2.1.1 | |
| 2.1.2 | |
| 2.1.3 | |
| 2.1.4 | |

(4)

IEB Copyright © 2024

2.2 **Valleiklimate**


Figuur 2.2 toon Crystal Springs Mountain Lodge, wat geleë is in Mpumalanga, Suid-Afrika.

**Figuur 2.2: Crystal Springs Mountain Lodge**




[Bron: Google Earth]

2.2.1 (a) Teken die winde wat verby die lodge gedurende die nag / baie vroeg in die oggend sal waai op die skets hieronder.




(2)

(b) Noem die wind wat verby die lodge in die nag / baie vroeg in die oggend waai.

______________________________________________________________ (1)

(c) Verduidelik waarom die wind in die rigting, soos wat jy dit geteken het op die skets (bladsy 21), waai.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

2.2.2 Verwys na Figuur 2.2 en gee TWEE klimatologiese redes wat die ligging van die lodge beïnvloed het.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

2.2.3 Verduidelik waarom die sigbaarheid in die valleibodem (Figuur 2.2) heel moontlik vroeg in die oggend swak sal wees.


______________________________________________

______________________________________________ (2)

## 2.3 Subtropiese antisiklone en verwante toestande

Figuur 2.3A is 'n sinoptiese weerkaart. Figuur 2.3B is 'n weerwaarskuwing.

**Figuur 2.3A: Sinoptiese weerkaart**




[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

**Figuur 2.3B: Weerwaarskuwing**




[Bron: <https://ilovesouthafrica.com/news/>]

2.3.1 Gee die seisoen wat voorgestel word op die sinoptiese weerkaart (Figuur 2.3A).

________________________________________

(1)

2.3.2 Gee EEN bewys vanaf die sinoptiese weerkaart om jou antwoord in Vraag 2.3.1 te staaf.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(1)

2.3.3 Gee en verklaar die windrigting by weerstasie A op Figuur 2.3A.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

(2)

2.3.4 Lys TWEE omgewingsimpakte van die hittegolf.

________________________________________

________________________________________

(2)

IEB Copyright © 2024

2.3.5 Verduidelik hoe die Suid-Atlantiese antisikloon bygedra het tot die ontwikkeling van die hittegolf.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

2.3.6 Stel maatreëls voor wat die owerhede vir mense kan gee oor hoe om na hulle gesondheid om te sien gedurende die hittegolf.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

## 2.4 Geomorfologie

2.4.1 Terminologie.

Vir elk van die stellings hieronder moet die mees korrekte opsie gekies word. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord in die spasie op bladsy 25 voorsien.

(a) Hoë grond wat dreineerbekkens skei, staan bekend as:

A riwwe
B opvangsgebied
C oorsprong
D waterskeiding

(1)

(b) Watter een van die volgende definieer die proses van abstraksie die beste?

A Erosie wat in die rigting van die oorsprong beweeg.
B Erosie wat veroorsaak dat die waterskeiding se posisie skuif.
C Afwaartse erosie wat ingesnyde meanders veroorsaak.
D Erosie wat op die buitebuig van 'n meander plaasvind.

(1)

(c) 'n Stroom wat slegs na 'n episode van swaar reënval vloei is:

A Episodies
B Standhoudend
C Seisoenaal
D Eksoties

(1)

IEB Copyright © 2024

(d) Watter TWEE van die volgende faktore sal tot verhoogde afloop lei?

A geleidelike gradiënt
B steil gradiënt
C yl plantegroei
D digte plantegroei (2)

| | |
|---|---|
| (a) | |
| (b) | |
| (c) | |
| (d) i | |
| (d) ii | |

2.4.2 Vir enige gegewe dreineerbekken, verduidelik die verband tussen stroomorde en …

(a) die stroomlengtes.

Hoe hoër die stroomorde, …

______________________________

______________________________ (2)

(b) die grootte van die dreineerbekken.

Hoe hoër die stroomorde, …

______________________________

______________________________ (2)

2.4.3 **Howick-valle**

Figuur 2.4.3 wys die Howick-valle, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika.

**Figuur 2.4.3: Howick-valle**



[Bron:<https://blogs.agu.org/georneys/2016/04/18/kwazulu-natal-holiday-howick-falls/>]

Teken 'n goed-benoemde skets in die spasie hieronder om te verduidelik hoe die waterval met verloop van tyd stroomop sal beweeg.


(4)

IEB Copyright © 2024

### 2.4.4 Die dreineerbekken van die Mngenirivier

Figuur 2.4.4 illustreer die dreineerbekken van die Mngenirivier in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika.

**Figuur 2.4.4: Dreineerbekken van die Mngenirivier**




[Bron aangepas vanaf: Mheberger – Own work, CC BY-SA 4.0, <https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=138455287>]

(a) Wat is die algemene rigting waarin die Mngenirivier vloei?

________________________________________ (1)

(b) In watter oseaan mond die Mngenirivier uit?

________________________________________ (1)

(c) Noem een sytak van die Mngenirivier.

________________________________________ (1)

(d) Stel TWEE funksies van die Inanda- en Midmardam voor.

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2024

(e) Gebruik die spasie hieronder en teken 'n skets van die lengteprofiel van die Mngenirivier vanaf sy oorsprong tot by die mond. Benoem die permanente basisvlak en een tydelike basisvlak van die Mngenirivier op die lengteprofiel.

(3)

(f) Bereken die stroomorde van die Mngenirivier by die punt waar dit binne in die oseaan uitmond. Skryf jou antwoord op die lyn voorsien.

______________________________________________________________ (2)

(g) Verduidelik hoe kennis van die stroomorde plaaslike owerhede kan help om oorstromings binne die rivierbekken te beheer.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**[50]**

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 NEDERSETTING (LANDELIK EN STEDELIK) EN EKONOMIESE GEOGRAFIE

### 3.1 Terminologie van Nedersettings

Kies die korrekte term uit die gegewe opsies om die stelling waar te maak. Skryf slegs die korrekte term neer in die spasie daarvoor toegelaat.

(a) Die beweging van mense en besighede vanuit die sentrale sakekern na die verwyderde voorstede staan bekend as **sentripetale / sentrifugale / sentralisasie / stedelike verval krag**.

________________________________________ (1)

(b) Die toename in die stad se grondgebied word beskryf as **verstedeliking / stadspreiding / landelike-stedelike randgebied / stedelike verval**.

________________________________________ (1)

(c) Besighede wat geleë is langs 'n vervoerroete vorm deel van **veelkern ontwikkeling / konsentriese ontwikkeling / lintvormige ontwikkeling / die buffersone**.

________________________________________ (1)

(d) 'n Gehuggie is 'n voorbeeld van 'n **laer-orde / middel-orde / hoër-orde gespesialiseerde** nedersetting.

________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2024

## 3.2 Landelike nedersetting

Verwys na die Feitelêer oor Franschhoek,'n dorp in die Wes-Kaap, Suid-Afrika.

**FEITELÊER – FRANSCHHOEK, WES-KAAP, SUID-AFRIKA**



[Bron: Olga Ernst]

Franschhoek met sy eeue-oue wingerde en Kaaps-Hollandse argitektuur, is 'n dorp in die Wes-Kaap, Suid-Afrika. Wandelpaaie kronkel deur blomme en wildslewe in die Mont Rochelle Natuurreservaat en eindig met uitsigte oor die Franschhoekvallei.

As jy beoog om te semigreer vir die lewensstyl van 'n permanente klein dorpie of dalk net oorweeg om 'n tweede huis te koop, het Suid-Afrika geen tekort aan moontlikhede nie. Benewens die beste kwaliteit lewensstyl van 'n klein dorpie en die natuurskoon is meeste van die land se gewildste dorpies nie te vêr van die groter dorpe of stede nie. Pryse van goedere in hierdie areas is gewoonlik laer en die inwoners het toegang tot vars produkte en vleis, naweek-markte en ander toeriste-aantreklikhede.

Pragtige landskap, baie keer met landelike en berg uitsigte, en toegang tot wyn- en olyfplase, is maar net 'n paar van die redes waarom hierdie klein dorpies so gewild is, sê Ian Badenhorst, besturende direkteur vir Seeff Country en Karoo. Baie het ook die afgelope vyf tot 10 jaar 'uitstekende' groei in die pryse van huise gehad. Desnieteenstaande, vir die mense wat hiernatoe trek, is die belegging veel meer as net 'n belegging in baksteen en beton, hulle belê in 'n beter lewenskwaliteit.'

[Bron: aangepas van <https://www.iol.co.za/property/these-are-sas-top-10-small-towns-for-semigrants-second-home-buyers-2ee265a1-e269-458b-9fcd-779fb332a1f0>]

Verwys na die foto en die Feitelêer van Franschhoek om die volgende vrae te beantwoord.

3.2.1 Wat is die standplaas van die dorp, Franschhoek?

________________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2024

3.2.2 Wat was die oorspronklike funksie van die dorp wat in 1688 ontstaan het?

(1)

3.2.3 Wat word met die woord 'semigrasie' bedoel, wat in die Feitelêer onderstreep is?

(2)

3.2.4 Lys DRIE redes waarom gewilde plattelandse dorpe mense die afgelope paar jaar lok om daarheen te verhuis.

(3)

3.2.5 Evalueer waarom die beweging van mense na Franschhoek beide positiewe sowel as negatiewe gevolge het vir die dorp.

(4)

IEB Copyright © 2024

## 3.3 Stedelike nedersetting

Figuur 3.3A is van Rosebank, Johannesburg, Gauteng, Suid-Afrika uit die lug gesien.

**Figuur 3.3A: Rosebank, Johannesburg**




[Bron: Google Earth]

Figuur 3.3B is 'n straatbeeld (street view) van Keyeslaan in Rosebank, Johannesburg.

**Figuur 3.3B: Keyeslaan, Rosebank, Johannesburg**




[Bron: Google Earth]

3.3.1 Identifiseer die grondgebruik by A (Figuur 3.3A).

__________________________________________________________________ (1)

3.3.2 Verwys na die kantoorblokke B en C (Figuur 3.3B) en bespreek die voorkoms van die geboue as 'n oplossing vir 'n probleem wat in alle stede voorkom.

(4)

3.3.3 Bespreek die voordele van die ligging van die kantoorblok wat D gemerk is (Figuur 3.3A).

(2)

3.3.4 'n 'Bruinveld' standplaas word <u>gedefinieer</u> as enige grond waar daar voorheen ontwikkeling was. Dink aan fabrieke wat in onbruik geraak het, oud-modiese kantoorblokke, of enige standplaas waar daar voorheen gewerk was. Voorgenoemde kan gesien word in die gebied wat E gemerk is in Figuur 3.3A.

Bespreek die voordele van bruinvelde in stedelike ontwikkeling.

(3)

## 3.4 Ekonomiese terminologie

Kies die MEES korrekte term wat ooreenstem met die definisie in elke vraag. Skryf jou antwoord in die spasie daarvoor toegelaat hieronder.

3.4.1 Die gespesialiseerde boerderypraktyk wanneer daar slegs met een produk geboer word.

A pastorale
B ekstensiewe
C besproeiings
D monokultuur

(1)

3.4.2 Die proses waartydens waarde deur vervaardiging tot die mineraal wat ontgin word toegevoeg word.

A agglomerasie
B waardetoevoeging
C subsidiëring
D nasionalisasie

(1)

3.4.3 Nywerhede wat op enige plek gevestig kan word omdat hulle nie spesifieke hulpbronne of infrastruktuur nodig het nie.

A ongebonde
B swaar
C ligte
D grootmaat

(1)

3.4.4 Die verband tussen die waarde van 'n land se in- en uitvoere.

A nasionalisasie
B handelsbalans
C vragverbreking
D waardetoevoeging


(1)

| | |
|---|---|
| 3.4.1 | |
| 3.4.2 | |
| 3.4.3 | |
| 3.4.4 | |

IEB Copyright © 2024

3.5 **Nywerhede**

Voltooi die breinkaart hieronder deur uit te brei op die faktore wat die ligging van 'n nywerheid in enige suidelike Afrikaland beïnvloed.




(8)

3.6 **Mynbou**

Figuur 3.6 is die Palaborwa kopermyn wat langs die dorpie Ba-Phalaborwa in die Limpopo Provinsie in Suid-Afrika geleë is.

**Figuur 3.6: Palaborwa kopermyn**



[Bron: <https://www.khplant.co.za/>]

FEITELÊER

**Ontwikkeling van die gemeenskap deur IMPACT INVESTING**

Die hoë vlak van HIV/AIDS in Ba-Phalaborwa is 'n onomwonde feit. Die vraag in 'n gemeenskap na infrastruktuur soos skole, klinieke, biblioteke en ander ondersteunende projekte is skrikwekkend. Met die wete dat ons as 'n organisasie 'n rol kan speel, het ons die afgelope nege jaar belê in die infrastruktuur en gemeenskapsgesondheidsprojekte. Die elektrisiteitsnetwerk is ook 'n noodsaaklike diens wat verseker dat ons hospitale, skole, regeringsinstansies en huishoudings wel krag het.

[Bron: <https://www.palabora.com/Sustainability>]

3.6.1 (a) Identifiseer die tipe mynbou wat hier plaasvind.

________________________________________________

(1)

(b) Voltooi die tabel hieronder deur die voor- en nadele van hierdie mynboumetode te verduidelik.

| VOORDELE | NADELE |
|---|---|
| | |
| | |

(4)

IEB Copyright © 2024

(c) Verduidelik waarom dit voordelig is om 'n raffinadery van koper so naby die myn te hê.

(2)

3.6.2 Die vermenigvuldigereffek beskryf hoe een ekonomiese projek die ekonomie van 'n groter streek kan verbeter. Verduidelik hoe die vestiging van die Palaborwa kopermyn die ekonomie en ook die lewenstandaard van die bevolking van hierdie gebied kan verbeter.

(6)
**[50]**

**Totaal: 200 punte**

## ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024